**Moenie op die oog af oordeel nie, oordeel regverdig**

**Joh 7:1-24**

**25 Mei 2025**

1. Vantevore: Die Vader trek gelowiges na Sy Seun deur hulle te onderrig deur Sy Seun en die Heilige Gees. Die Here Jesus se liggaam is die brood van die lewe. Baie van die skare het aanstoot geneem en weggegaan – hulle is nie na die Here Jesus getrek nie.
2. Agtergrond tot Joh 7:
   a. Vind plaas tydens loofhuttefees – 6 maande na Joh 6 (v2)
   b. Die Here Jesus het in Galilea opgetree gedurende die tyd (v1, vgl Joh 5:18)
3. Die uiteenlopende opinies oor die Here Jesus onder Sy broers en in Jerusalem (Joh 7:1-31)
   a. Verskeidenheid opinies: Sy broers glo nie in Hom nie (v5); Hy's 'n goeie mens (v12); Hy mislei mense (v12); Sommiges wou niks oor Hom sê nie (v13); Hy was met 'n demoon besete (v20); Hy was dalk die Christus (v26, 31)
   b. Hoekom soveel opinies? Was Sy lering/optrede onoortuigend?
4. Die lering van die Here Jesus aan Sy broers in Galilea (Joh 7:3-10)
   a. Aanbeveling van broers: Hy moet Jerusalem toe gaan waar die leiers en die volk is (v3-4)
   b. Jesus sê Sy bestemde tyd is nog nie hier om Jerusalem toe te gaan nie
      - "Hora" = tyd vir kruisiging, sterwe, opstanding, hemelvaart (Joh 2:4, 7:30)
      - "Kairos" = tyd vir ander gebeure (v6), soos om Jerusalem toe te gaan
   c. Hy gaan nog nie – want die wêreld haat Hom, wil Hom doodmaak
   d. Die Here Jesus was gehoorsaam aan Sy Vader selfs in tyd om Jerusalem toe te gaan
5. Die lering van die Here Jesus aan die Jode in Jerusalem by die loofhuttefees (Joh 7:11-24)
   a. Jesus leer in tempel in gehoorsaamheid aan Sy Vader (v14)
   b. Jode is verwonderd (v15)
   c. Jesus leer net wat van die Vader kom (v16)
   d. Wie kan bevestig dat wat Hy leer van die Vader kom?
      - Gelowiges wat na die Seun getrek is (v17)
   e. Net gelowiges kan met gesag oor Jesus praat – net hulle ken Hom
      - Daar is baie opinies oor Jesus – baie praat sonder dat hulle Hom ken
   f. Praktiese voorbeeld:
      - Jode beroep hulle op die wet – en tog oortree hulle die wet (v19)
         - Hulle oortree die wet deur Jesus te wil doodmaak
      - Jode veroordeel gesondmaking op sabbatdag (v21)
      - Jode regverdig besnydenis op die sabbatdag (v22-23)
         - Besnydenis kom van Abraham af – van voor die wet van Moses
      - Jode het gevoel Jesus se gesondmaking kon nog 'n dag gewag het
      - Jode het op die oog af geoordeel het, want hulle het die volgende gemis:
         - Besnydenis wys op noodsaak aan reiniging/gesondmaking
         - Gesondmaking van verlamde man wys op dieselfde noodsaak
         - Aanspreek van die noodsaak lei tot ewige lewe / sabbatsrus
         - As besnydenis op sabbatdag reg is, moet gesondmaking ook wees
      - Jode kon nie regverdig oordeel nie – want hulle ken nie die Here Jesus nie
6. Afsluiting
   a. Ongeredde mens is arrogant as hy opinies oor die Here Jesus gee – hy ken Hom nie